



MUNISIPALITEIT CEDERBERG MUNICIPALITY

BEVESTIGING: BELEID

BEDROG - EN - ANTI - KORRUPSIE BELEID

Bovermelde beleid is goedgekeur op:

Datum: 6 April 2010

Raadsbesluit no: RB 152 / 06 – 04 - 2010

Handtekening van Munisipale Bestuurder:
G Matthyse

Handtekening van Speaker:
J Engelbrecht

APPROVAL OF POLICY

FRAUD AND ANTI - CORRUPTION POLICY


The above mentioned policy has been approved on:

Date: 6 April 2010

Council decision no: CM 152 / 06 – 04 - 2010

Signature of Municipal Manager:
G Matthyse

Signature of Speaker:
J Engelbrecht



BELEID OP DIE VOORKOMING VAN EN STRATEGIE TEEN BEDROG EN KORRUPSIE

Datum: Raad Goedkeuring	

BELEID OP DIE VOORKOMING VAN EN STRATEGIE TEEN BEDROG EN KORRUPTIE

1. Inleiding

Hierdie strategie en beleid op die voorkoming van bedrog en korrupsie is opgestel na aanleiding van die regering se verbintenis tot die bekamping van korrupsie. Dit vul die land se nasionale teenkorrupsiestrategie aan en is aanvullend tot die staatsdiens en die plaaslike regering se teenkorrupsiestrategieë.

Die beleid is ook ingestel om die verskeie wetgewende instrumente oor bedrog en korrupsie in werking te stel.

Daarbenewens verskaf die beleid riglyne oor hoe om in gevalle van bedrog en korrupsie op te tree.

'n Kort agtergrond oor die grondslag van teenkorrupsie en die voorkoming van bedrog in die openbare sektor word in bylae een uiteengesit.

'n Opsomming van die belangrikste elemente van die wetgewende instrumente oor bedrog en korrupsie is as bylae twee aangeheg.

2. Benadering tot bedrog en korrupsie

2.1 Optredes wat bedrog en korrupsie kan uitmaak

Bedrog en korrupsie neem verskillende vorme en grade van intensiteit aan.

Dit behels, maar is nie beperk nie, tot:

- ongemagtigde private gebruik van munisipale bates, onder meer voertuie;
- vervalsing van reis-en-verblyfseis;
- onregverdige sameswering met ander om 'n tender te verkry;
- openbaarmaking van privaat inligting oor 'n tender aan buitepartye;
- aanvaarding van geskenke van verskaffers;
- indiensneming van familieleden of nabye vriende;
- bedryf van 'n private onderneming gedurende werksure, of na werksure;
- diefstal van toerusting of voorrade by die werk;
- aanvaarding van omkoopgeskenke of gunste om versoeke te verwerk;
- aanvaarding van omkoopgeskenke of gunste van 'n diensverskaffer wat nie 'n behoorlike diens lewer nie;

- indiening of verwerking van vals rekeninge van kontrakteurs of ander diensverskaffers;
- wanbesteding van gelde wat van kliënte ontvang is;
- Onregmatige bekomming van oortyd geld.

2.2 Standpunt teenoor bedrog

Bedrog verteenwoordig 'n aansienlike potensiële risiko vir die munisipaliteit se bates en reputasie.

Die munisipaliteit is verbind tot die beskerming van sy fondse en ander bates.

Dit is die beleid van die munisipaliteit dat bedrog, korrupsie, wanadministrasie of enige ander oneerlike aktiwiteite van 'n soortgelyke aard nie geduld sal word nie. Sodanige aktiwiteite moet ondersoek word, waar nodig, en stappe gedoen word teen diegene wat verantwoordelik bevind word. Sodanige stappe kan insluit die lê van kriminele klagte, siviele en administratiewe aksies en die instelling van terugvordering waar nodig.

Hierdie beleid behels voorkoming, opsporing, reaksie en ondersoekende strategieë.

2.3 Toepassing van beleid

Hierdie beleid is van toepassing op alle werknemers, belanghebbendes, kontrakteurs, verskaffers en enige ander party wat met die munisipaliteit sake doen.

2.4 Verantwoordelikhede ten opsigte van bedrog en korrupsie

Dit is die verantwoordelikheid van alle werknemers van die munisipaliteit om alle voorvalle van bedrog of korrupsie, of enige ander oneerlike aktiwiteite van 'n soortgelyke aard aan te meld.

Enige oneerlike of korrupte gedrag moet onmiddellik deur die meganismes uiteengesit in die openbaarmakingsmeganisme ("whistle-blowing") in deel 3 van hierdie beleid, aangemeld word.

Daar sal opgetree word in alle gevalle wat aangemeld word, en dit sal met die vereiste vertroulikheid behandel word. Dit sal nie openbaar gemaak of bespreek word met partye buiten diegene wat by hierdie voorvalle van ondersoek betrek word nie.

Alle bestuurders is verantwoordelik vir die opsporing, voorkoming en ondersoek van bedrog en korrupsie of enige oneerlike aktiwiteite van 'n soortgelyke aard, binne hul gebiede van verantwoordelikheid.

3. Openbaarmaking ("whistle blowing")

3.1 Inleiding

Die Wet op Openbaarmaking het op 16 Februarie 2001 van krag geword. Daar word oor die algemeen na hierdie Wet verwys as die sogenaamde "Whistle-blowing Act". Met die oog op deurlopende nakoming van hierdie Wet het die munisipaliteit 'n openbaarmakingsprogram met die volgende doelwitte ingestel:

- Om die aanmelding van sake aan te moedig wat finansiële of niefinansiële verlies vir die munisipaliteit of skade aan die munisipaliteit se reputasie kan veroorsaak;
- Om die munisipaliteit in staat te stel om aanmelding van gevalle deur openbaarmakers doeltreffend te hanteer deur duidelike riglyne vir die openbaarmaking van sodanige inligting en beskerming teen weerwraak as gevolg van sodanige openbaarmaking te verskaf;
- Om behoorlike infrastruktuur te verskaf, met inbegrip van 'n alternatiewe meganisme vir aanmelding.

3.2 Omvang van die openbaarmakingsmeganisme

Die openbaarmakingsmeganisme is nie 'n vervanging van die bestaande grieweprocedure nie en dus moet griewe nie ingevolge hierdie beleid aangemeld word nie. Enige griewe moet ingevolge die bepalings van die grieweprocedure ingedien word.

Ingevolge die Wet op Beskernde Openbaarmaking kan die volgende besorgdhede aangeroe word:

- a) Dat 'n kriminele oortreding begaan is, begaan word of waarskynlik begaan sal word;
- b) Dat 'n persoon misluk het, misluk of waarskynlik sal misluk om aan enige regsverpligting waaraan daardie persoon onderworpe is, te voldoen;
- c) Dat 'n geregtelike dwaling plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik gaan plaasvind;
- d) Dat die gesondheid of veiligheid van 'n individu in gevaar was, in gevaar is of waarskynlik in gevaar gestel sal word;
- e) Dat die omgewing beskadig is, beskadig word of waarskynlik beskadig sal word;

- f) Dat onregverdige diskriminasie soos bepaal in die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onregverdige Diskriminasie, no 4 van 2000 plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik sal plaasvind; of
- g) Dat enige saak waarna in paragraaf (a) tot (f) verwys word, met opset verbloem is, verbloem word of waarskynlik verbloem sal word.

3.3 Doel van die openbaarmakingsmeganisme

Hierdie openbaarmakingsmeganisme is opgestel om uitvoering te gee aan die doelwitte van die Wet op Beskernde Openbaarmaking, naamlik:

- (a) Om 'n werknemer te beskerm teen benadeling in die werkplek as gevolg van 'n beskernde openbaarmaking wat hy/sy gemaak het;
- (b) Om voorsiening te maak vir remediërende optrede ten opsigte van enige benadeling in die werkplek as gevolg van 'n beskernde openbaarmaking wat gemaak is; en
- (c) Om voorsiening te maak vir prosedures waarvolgens 'n werknemer op 'n verantwoordelike wyse inligting openbaar kan maak oor onbehoorlike optrede wat deur sy of haar kollegas, ander belanghebbendes en werkgever gepleeg is.

Die doel van hierdie meganismes is om werknemers aan te moedig om die sake wat in paragraaf 3.2 (a) tot (g) uiteengesit is, aan te meld deur prosedures vir sodanige aanmelding te verskaf, asook om te verseker dat werknemers wat sodanige aanmeldings ter goeder trou doen, nie geviktimiseer of geteister word nie en nie enigsins in die werkplek benadeel word nie.

3.4 Wie kan sodanige besorgdheid uitspreek?

Enige personeellid wat redelikerwys glo dat daar bedrog/korrupsie of wangedrag met betrekking tot enige van die beskernde sake in paragraaf 3.2 gespesifiseer, plaasgevind het, kan besorgdheid ingevolge die onderstaande prosedure uitspreek. Besorgdheid moet uitgespreek word sonder kwaadwilligheid of bose opset, ter goeder trou en nie vir persoonlike gewin nie, en die individu moet redelikerwys glo dat die inligting wat openbaar gemaak is en enige bewerings wat daarin vervat is, wesenlik waar is. Die kwessies wat aangeroei word, kan met 'n bestuurder, 'n ander personeellid of 'n personeelgroep verband hou.

3.5 Prosedure vir vertroulike aanmelding

Indien 'n lid van die personeel sy/haar besorgdheid naamloos wil aanmeld, moet sodanige naamloosheid eerbiedig word.

Stap 1:

Indien 'n personeellid 'n besorgdheid wil aanmeld, moet die kwessie aangeroer word by:-

1. die personeellid se bestuurder; of
2. in die geval van bedrog, korrupsie of ander oneerlike aktiwiteite waarby die personeellid se bestuurder betrokke is, by die direkteur en/of interne ouditeur; of
3. in die geval van bedrog, korrupsie of ander oneerlike aktiwiteite waarby die betrokke direkteur of bestuurder betrokke is, by die munisipale bestuurder en/of interne ouditeur; of
4. in die geval van bedrog, korrupsie of ander oneerlike aktiwiteite waarby die munisipale bestuurder betrokke is, by die burgemeester en/of interne ouditeur na wie in deel 5.1.1.2 van hierdie beleid verwys word; of
5. in die geval van bedrog, korrupsie of ander oneerlike aktiwiteite waarby 'n raadslid betrokke is, by die munisipale bestuurder en/of interne ouditeur.

Wanneer 'n besorgdheid uitgespreek word, moet die personeellid soveel inligting as moontlik verskaf, insluitend name, datums en plekke, waar moontlik, asook die rede hoekom die personeellid voel dat hy/sy oor die spesifieke saak bekommerd is en dit wil aanmeld.

Die persoon by wie die saak aangemeld word, sal die verskillende stappe in hierdie beleid uiteengesit, volg.

Alternatiewelik

Indien 'n personeellid 'n saak wil aanmeld, kan hy/sy die munisipaliteit se bedrogblitslyn skakel om dit te doen. Die betrokke personeellid kan naamloos bly wanneer hy/sy die saak aanmeld. Die nommer is **082 678 3747** en/of **027 482 8000** indien die persoon dit by die interne ouditeur wil aanmeld.

Die interne ouditeur sal die oproep beantwoord en die besonderhede van die besorgdheid aanteken.

Die bedrogblitslyn sal hierna 'n verslag voorlê aan die aangewese amptenare in die munisipaliteit wat vir die ontvangs en hantering van sodanige aanmeldings verantwoordelik is.

Stap 2:

Indien 'n personeellid die bostaande interne meganismes tevergeefs gevolg het of redelikerwys glo dat daar 'n toesmeerdery sal wees of dat bewyse vernietig sal word of dat die saak moontlik nie behoorlik gehanteer sal word nie, kan die personeellid die saak ter goeder trou by 'n lid van die kabinet of die uitvoerende raad in hierdie provinsie aanroer.

3.6 Valse of kwaadwillige aantygings

Diegene wat 'n saak wil aanmeld, moet daarteen waak om aantygings te maak wat vals is of kwaadwillige bedoelings het. Persone wat sodanige aanmeldings doen, sal nie deur die Wet op Beskermd Openbaarmaking beskerm word nie.

Verder is daar ook hulpbron- en koste-implikasies verbonde aan die instel van ondersoek, wat in gedagte gehou moet word wanneer 'n valse of kwaadwillige beskuldiging gemaak word.

4. Reaksie van die munisipaliteit op bewerings van bedrog of korrupsie

4.1 Hantering van bewering van oneerlike of korrupte aktiwiteit

Die munisipaliteit se optrede wanneer 'n bewering van oneerlike of korrupte aktiwiteit ontvang word, hang af van die aard van die besorgdheid wat aangemeld word. Die munisipaliteit sal soos volg optree:

- Dit intern ondersoek; en/of
- Die saak na die Suid-Afrikaanse Polisiedienste of ander betrokke wetstoepassingsagentskap verwys.

Die persoon wat die bewering ontvang, sal seker maak dat die munisipale bestuurder so gou as moontlik verwittig word of, indien die munisipale bestuurder die onderwerp van die bewering is, dat die interne ouditeur so gou as moontlik verwittig word.

Die munisipale bestuurder of interne ouditeur, wat ook al die geval mag wees, sal 'n aanvanklike evaluering doen om te beslis of 'n ondersoek gepas is en, indien wel, watter vorm die ondersoek moet aanneem. Besorgdhede wat aangeroe word, verg nie noodwendig 'n ondersoek om opgelos te word nie.

Naamlose verslae kan dalk 'n voorlopige ondersoek regverdig voor enige besluit geneem word om 'n onafhanklike ondersoek te loods.

Waar 'n interne ondersoek as gepas beskou word, sal die munisipale bestuurder of burgemeester/interne ouditeur, wat die geval ook al mag wees, 'n behoorlik gekwalifiseerde en ervare persoon aanstel wat onafhanklik staan van die afdeling/eenheid waar die ondersoek verlang word. Dit kan 'n senior

bestuurder in die munisipaliteit self wees, of 'n eksterne konsultant of 'n wetstoepassingsagentskap. Alle ondersoeke wat uitgevoer word en bewyse wat verkry word, sal ooreenkomstig aanvaarbare praktyke en regsvereistes wees. Die onafhanklikheid en objektiwiteit van die ondersoeke is van uiterste belang.

By ontvangs van 'n bewering van vermeende bedrog, moet die bestuurder of ondersoekbeampte onmiddellik dink aan die bewaring van bewyse en hoe om verdere verliese te verhoed.

Hoeveel kontak daar sal wees tussen die bestuurder of ondersoekbeampte wat die besorgdhede ondersoek, en die persone wat die besorgdheid aangemeld het (indien nie naamloos nie), sal afhang van die aard van die besorgdheid wat aangemeld is en die ondersoeke wat nodig mag wees. Indien nodig, kan die persoon wat die aanmelding gedoen het, om verdere inligting gevra word.

Alle ondersoeke sal as vertroulik gehanteer word en nie met persone bespreek word nie, behalwe diegene wat wetlik die reg tot sodanige inligting het.

4.2 Algemene aard van ondersoekprosedures

Ondersoeke na bedrog en korrupsie moet gedoen word op 'n wyse waarop die volgende verhoed word:-

- Ontsegging van natuurlike regsmiddele;
- Laster;
- Optrede teen 'n werkgewer vir onregmatige ontslag;
- Ontoelaatbare of swak beheer oor die insameling van bewyse; en
- Vernietiging van fisieke bewyse.

Om seker te maak dat daar redelike versekering is dat ondersoeke met behoorlike verslagdoening uitgevoer word, en met inagneming van die beperkte hulpbronne binne die munisipaliteit, kan eksterne konsultante (bv. eksterne ouditeure of forensiese rekenmeesters) gebruik word om in die geval van die aanmelding van bedrog aan die munisipaliteit bystand te verleen. Die eksterne konsultant kan bygestaan word deur ervare personeel binne die munisipaliteit wat onafhanklik genoeg staan van die gebied of saak wat ondersoek word. Die munisipale bestuurder, binne sy/haar gedelegeerde bevoegdheid, moet na eie oordeel gepaste eksterne konsultante en/of munisipale personeel aanwys vir die uitvoer van ondersoeke.

Ondersoeke kan een of meer van die volgende aktiwiteite behels:

- Onderhoude met betrokke getuies, intern en ekstern, insluitend die afneem van verklarings waar toepaslik;

- Hersiening en noukeurige vergelyking van dokumentêre bewyse;
- Forensiese ondersoek van rekenaarstelsels;
- Ondersoek van telefoonrekords;
- Navrae aan banke en ander finansiële instellings (onderworpe aan die verlening van gepaste goedkeuring/hofbevele);
- Navrae ten opsigte van derde partye;
- Datasoektog en -beslaglegging;
- Kundige getuies en spesialis-getuienis;
- Opsporing van fondse/bates/goedere;
- Skakeling met die polisie of ander wetstoepassings- of regulerende agentskappe; en
- Onderhoude met persone wat van betrokkenheid by bedrog en korrupsie verdink word.

4.3 Dokumentering van die ondersoekresultate

Die aangewese ondersoekbeampte moet 'n skriftelike verslag aan die munisipale bestuurder voorlê waarin die omstandighede uiteengesit word en gepaste remediërende optrede na afloop van die ondersoek aanbeveel word.

Enige ondersoek wat geloods word, moet afgesluit word deur die uitreiking van 'n verslag deur die persoon wat aangewys is om sodanige ondersoek uit te voer. Sodanige verslae sal slegs beskikbaar gestel word aan dié persone wat daartoe toegang moet hê ten einde die nodige optrede wat na aanleiding van die uitslag van die ondersoek as gepas geag word, in werking te stel.

4.4 Tugstappe

Die afloop van tugstappe kan behels dat die persone 'n skriftelike waarskuwing kry of hul dienste beëindig word. Alle tugstappe moet plaasvind ooreenkomstig die prosedures in die tugprosedures uiteengesit.

4.5 Vervolging

Sou ondersoekte bewyse van bedrog of korrupsie ten opsigte van 'n bewering of reeks bewerings blootlê, sal die munisipaliteit die tersaaklike feite beoordeel ten einde te bepaal of die saak vir ondersoek en moontlike vervolging by die betrokke wetstoepassingsagentskap aangemeld behoort te word.

Sodanige verslae moet by die Suid-Afrikaanse Polisie ingedien word ooreenkomstig die vereistes van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur en die Wet op Munisipale Stelsels. Die munisipaliteit sal sy volle samewerking aan enige sodanige wetstoepassingsagentskap gee, met inbegrip van die verskaffing van verslae wat opgestel is ten opsigte van die ondersoekte wat uitgevoer is.

4.6 Verhalingstappe

Waar daar duidelike bewyse van bedrog of korrupsie is en die munisipaliteit 'n finansiële verlies gely het, sal verhalingstappe, krimineel, siviël of administratief, ingestel word om enige sodanige verliese te verhaal. Wat betref siviele verhaling, sal die koste daaraan verbonde bepaal word om te verseker dat die verhalingskoste wel finansiëel voordelig is.

4.7 Hersiening van interne beheer na ontdekking van bedrog

In elke geval waar bedrog blootgelê word, sal die lynbestuur die toereikendheid van die huidige internebeheer-omgewing (veral dié kontroles wat direk met die bedrogvoorval verband hou) herevalueer met die oog op moontlike verbetering.

Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke departement se lynbestuur om te verseker dat die internebeheer-omgewing herevalueer word en dat die aanbevelings voortspruitend uit dié evaluering geïmplementeer word.

4.8 Ander sake

Die munisipale bestuurder in samewerking met die interne ouditeur sal besonderhede van bedrog/korrupsie of moontlike bedrog/korrupsie aan die ouditkomitee verskaf.


In elke geval waar bedrog blootgelê word, sal die lynbestuur die toereikendheid van die huidige internebeheer-omgewing (veral dié kontroles wat direk met die bedrogvoorval verband hou) herevalueer met die oog op moontlike verbetering. Waar verbeterings nodig is, moet dit so gou as prakties moontlik in werking gestel word.

5. Beheerstrategieë vir bedrog en korrupsie

Klem word op drie gebiede gelê in die munisipaliteit se benadering ten opsigte van die beheer van bedrog en korrupsie, naamlik:

- Strukturele strategieë;
- Bedryfstrategieë; en
- Instandhoudingstrategieë.

Raamwerk vir bedrog- en korrupsiebeheer



5.1 Strukturele strategieë

5.1.1 Verantwoordelikhede vir bedrog- en korrupsierisikobestuur

In die volgende gedeelte word die verantwoordelikhede vir bedrog- en korrupsierisikobestuur gekoppel aan die verskillende rolle in die munisipaliteit uiteengesit.

5.1.1.1 Munisipale bestuurder

Die munisipale bestuurder dra die uiteindelijke verantwoordelikheid vir bedrog- en korrupsierisikobestuur in die munisipaliteit. Dit behels die koördinerende van risikobepalings, oorsig oor ondersoeke na vermeende bedrog en korrupsie, en fasilitering van die aanmelding van sodanige gevalle.

5.1.1.2 Interne ouditeur

Die rol van die interne ouditeur is om toesig te hou oor die munisipaliteit se benadering tot bedrogvoorkoming, bedrogopsporingstrategieë en reaksie op bedrog- en korrupsievoorvalle wat deur werknemers of ander eksterne partye aangemeld word.

5.1.1.3 Senior bestuur

Die senior bestuur moet daartoe verbind wees om bedrog en korrupsie met wortel en tak uit te roei en te verseker dat die munisipaliteit in al sy omgang met die publiek en ander belanghebbende partye as eties geag te word.

In hierdie verband moet die senior bestuur onder leiding van die munisipale bestuurder verseker dat hy nie selfgenoegsaam of oorgerus in die hantering

van bedrog en korrupsie sal raak nie en dat die munisipaliteit voorts verseker dat sy algehele bedrog- en korrupsiestrategie gereeld hersien en bygewerk word. Die senior bestuur moet verder verseker dat alle werknemers en belanghebbendes deur verskeie bewusmakings- en opleidingsinisiatiewe van sy algemene teenbedrog- en teenkorrupsiestrategieë bewus gemaak word.

5.1.1.4 'n Etiese kultuur

Daar word van die munisipaliteit vereis om dit op 'n etiese en morele manier te handhaaf. Etiek gaan hand aan hand met menslike karakter en gedrag en behels reg en verkeerd, gepaste en ongepaste gedrag en wat is goed of kwaad. Etiese gedrag is op 'n stel beginsels gegrond waarna as waardes of norme verwys word. Die munisipaliteit se etiese gedrag word weerspieël deur die kollektiewe etiese gedrag van al sy individuele werknemers. In hierdie verband word die hoogste etiese standaarde van werknemers verwag wanneer hulle hul pligte uitvoer.

Voorts word 'n gedragskode vir raadslede en 'n gedragskode vir munisipale werknemers deur die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, no. 32 van 2000 voorgeskryf.

Hierdie gedragskodes vorm 'n integrale deel van hierdie beleid.

Raadslede word deur die gedragskode vir raadslede verbind en munisipale werknemers deur die gedragskode vir munisipale werknemers.

5.2 Bedryfsstrategieë

5.2.1 Interne beheer

Interne beheer is die eerste linie van verdediging teen bedrog en korrupsie. Hoewel interne beheer nie die munisipaliteit ten volle teen bedrog en korrupsie mag beskerm nie, is dit noodsaaklike elemente in die algehele teenbedrog- en teenkorrupsiestrategie.

Alle bedryfsgebiede het interne beheer nodig, byvoorbeeld:

- kredietbeheer (beveiliging van bates);
- Magtigingsbeheer (goedkeuring van uitgawes);
- Toesighoudende beheer (toesig oor dag-tot-dag-kwessies);
- Ontleding van data;
- Finansiële maand- en jaarstate;
- Rekonsiliasie van bankstate, maandeliks; en
- Rekonsiliasie van grootboekrekeninge, maandeliks.

Die departement interne oudit is verantwoordelik vir die implementering van 'n interne-ouditprogram wat stappe sal inkorporeer om nakoming van interne-ouditbeheer te verseker.

5.2.2 Voorkomingstrategieë

Skepping en implementering van 'n algehele munisipale omgewing ten opsigte van saamgestelde inisiatiewe vir die voorkoming van bedrog en korrupsie, wat insluit:

5.2.2.1 Werknemberbewustheid

Programme vir werknemberbewusmaking van die munisipaliteit se teenbedrog- en teenkorrupsiestrategie, gedragskode, openbaarmaking en die manifestering van bedrog en korrupsie in die werkplek sal periodiek onderneem word.

5.2.2.2 Voorindiensneming-evaluering

Voorindiensnemingsevaluering sal ten opsigte van alle aanstellings gedoen word en bewys van sodanige evaluering sal deur die MH-departement gehou word.

5.2.2.3 Werwingsprosedures

Werwing sal gedoen word volgens die munisipale werwingsprosedure.

Enigeen wat by enige besluitnemingsproses betrokke is en 'n konflik van belange kan hê, moet sodanige konflik skriftelik aan die MH-departement verklaar en hom/haar van enige verdere procedures onttrek.

5.2.2.4 Interne-ouditprogram

'n Kragtige interne-ouditprogram, met die fokus op die huidige hoë bedrog- en korrupsierisiko's, sal as 'n doeltreffende voorkomende maatreël geïmplementeer word. Die departement interne oudit sal so 'n program op 'n jaarlikse grondslag opstel, en sodanige program sal ook verrassingsouditte insluit.

5.2.2.5 Openbaarmaking van belange

Alle werknemers en raadslede van die munisipaliteit moet hul spesifieke persoonlike bates en sakebelange op 'n jaarlikse grondslag verklaar. 'n Vorm wat vir sodanige verklarings gebruik moet word, is aangeheg as bylae ses.

Inge vulde vorms sal deur die interne ouditeur gehou word.

5.2.2.6 Opsporingstrategieë

Bedrog en korrupsie kan bespeur en opgespoor word deur:

- Waaksaamheid aan die kant van werknemers, insluitend lynbestuur;
- Die interne-ouditfunksie;
- Ad hoc-bestuursoorsigte;

- Naamlose aanmeldings; en
- Die aanwending van opsporingstrategieë.

Die munisipale bestuurder, direkteure en alle bestuur sal verantwoordelik wees vir die ontwikkeling van opsporingstrategieë en met hierdie doel nou met die interne-ouditfunksie saamwerk.

5.2.2.7 Interne audit

'n Kragtige interne-ouditprogram, met die fokus op die huidige hoë bedrog- en korrupsierisiko's, sal ook as 'n doeltreffende voorkomingsmaatreël dien. As deel van die opsporingstrategie sal die interne-ouditprogram die volgende dek:

- Verrassingsauditte: onbeplande auditte van spesifieke sakeprosesse regdeur die jaar;
- Na-transaksie-hersienings: 'n hersiening van transaksies nadat dit verwerk en afgehandel is, kan doeltreffend wees om oneerlike of korrupte aktiwiteite te identifiseer. Benewens die moontlike opsporing van oneerlike transaksies, kan so 'n strategie ook 'n belangrike bedrogvoorkomingsuitwerking hê, want die bedreiging van opsporing of bespeuring kan genoeg wees om 'n personeelid te ontmoedig wat andersins by bedrog en korrupsie betrokke sou kon raak.
- Forensiese data-ontleding: die munisipaliteit se rekenaarstelsel is 'n belangrike bron van inligting oor oneerlike en soms korrupte gedrag. Sagteware-toepassing sal gedurende interne auditte, verrassingsauditte en na-transaksie-hersienings gebruik word om te help om enige moontlike bedrog en korrupsie te bespeur.
- Hersiening van bestuursverslagdoening oor rekeninge: Deur gebruik te maak van relatief eenvoudige tegnieke in die ontleding van die rekeningkundige verslae van die munisipaliteit se bestuur, kan tendense ondersoek word wat op oneerlike gedrag kan dui. Sommige voorbeelde van die soorte bestuurs- rekeningkundige verslae wat op 'n vergelyk-en-verskil-grondslag gebruik kan word:
 - begrotingsverslae vir elke afdeling;
 - verslae wat uitgawes met bedryfsnorme vergelyk; en
 - verslae waarin ongewone tendense in slegte of twyfelagtige skulde beklemtoon word.

5.3 Instandhoudingstrategieë

5.3.1 Evaluering van bedrog- en korrupsierisiko

Die munisipaliteit, onder leiding van die munisipale bestuurder en die interne ouditeur, voer jaarlikse bedrog- en korrupsierisiko-evaluerings uit om potensiële bedrog- en korrupsieblootstellings vir die munisipaliteit te

identifiseer. Hierdie proses sal verseker dat stappe geïmplementeer sal word om die geïdentifiseerde bedrog- en korrupsieblootstellings te hanteer ten einde hierdie blootstellings te verminder.

Bostaande sal geformuleer word volgens risikofokusgebiede wat 'n aanduiding sal bied van hoe bedrog- en korrupsierisiko's voorkom, en in 'n register vir bedrog- en korrupsierisiko's wat die bedrog- en korrupsierisiko's sal prioritiseer ten einde hierdie risiko's te verminder.

Die manier waarop die evalueringsproses vir bedrog- en korrupsierisiko's gedoen sal word, word in bylae sewe uiteengesit .

5.3.2 Hersiening van die doeltreffendheid van die beleid op die voorkoming van en strategie teen bedrog en korrupsie

Die munisipaliteit moet die beleid op die voorkoming van en strategie teen bedrog en korrupsie jaarliks hersien om die doeltreffendheid daarvan te bepaal. Die munisipale bestuurder is uiteindelik vir hierdie hersiening aanspreeklik en kan 'n persoon aanstel om die verantwoordelikheid hiervoor te aanvaar. Daar moet ook kwartaaliks aan die Raad verslag gedoen word oor enige aanmeldings in die Korrupsie en Bedrog Register, wat deur die Interne Ouditeur bygehou sal word. Die verslag moet dan ook die prosedures wat gevolg is uiteensit en ook die bevindinge.

BYLAE EEN

TEENKORRUPSIE EN BEDROGVOORKOMING IN DIE OPENBARE SEKTOR: AGTERGROND

1. Die openbare sektor se teenkorrupsiestrategie

Gedurende 1997 het die regering 'n nasionale teenkorrupsieveldtog van stapel gestuur, wat tot 'n nasionale teenkorrupsieberaad in April 1999 gelei het waar alle sektore van die samelewing (openbare en private) hul verbind het tot die instelling van sektorale teenkorrupsiestrategieë. Terselfdertyd het hulle hul ook verbind tot die medeverantwoordelikheid vir die bekamping van korrupsie deur die koördinering van hierdie sektorale strategieë. 'n Reeks ander besluite het uit hierdie beraad voortgespruit en al die sektore het hul tot die inwerkingstelling daarvan verbind.

Die departement van staatsdiens en administrasie het opdrag ontvang om verskeie inisiatiewe in die hele staatsdiens in 'n samehangende strategie saam te voeg met die ondersteuning van ander departemente. Die taakspan

vir die staatsdiens (TSOD) bestaande uit sleuteldepartemente, is vir hierdie taak gestig met verteenwoordiging uit plaaslike regering en openbare entiteite, ten einde 'n platform te skep vir die bekendstelling van die strategie aan die res van die openbare sektor (openbare sektor, plaaslike regering en openbare entiteite).

2. Die teenkorrupsiestrategie vir plaaslike regering

Die plaaslike regering het die teenkorrupsiestrategie vir plaaslike bestuur (LGACS) opgestel, wat op die staatsdiens se teenkorrupsiestrategie gegrond is. Die LGACS is op die volgende beginsels geskoei:

- Skep van 'n kultuur binne munisipaliteite van onverdraagsaamheid jeens onetiese gedrag, bedrog en korrupsie;
- Versterking van gemeenskapsdeelname in die stryd teen korrupsie in munisipaliteite;
- Versterking van verhoudings met sleutelbelanghebbendes, nodig vir die vereiste optrede in die stryd teen korrupsie in munisipaliteite, byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plaaslike Owerhede (SALGA), werknemervakbonde, gemeenskappe;
- Opsporing en voorkoming van onetiese gedrag, bedrog en korrupsie;
- Opsporing en ondersoek na onetiese gedrag, bedrog en korrupsie;
- Doen van gepaste stappe in die geval van onreëlmatighede, byvoorbeeld tugstappe, verhaling van verliese, vervolging, ens, en
- Toepassing van sanksies, wat behels vergoeding in die geval van finansiële verliese.

BYLAE TWEE

WETGEWENDE INSTRUMENTE TEN OPSIGTE VAN BEDROG EN KORRUPSIE

1. Definisie van bedrog en korrupsie

In Suid-Afrika word die gemenereg-oortreding van bedrog omskryf as die onwettige en opsetlike maak van 'n wanvoorstelling wat werklike en/of potensiële benadeling aan ander veroorsaak. Die algemene publiek gebruik die term bedrog ook in 'n wyer konteks. In hierdie dokument en verband word die term in sy wydste moontlike verband gebruik en bedoel om alle aspekte van ekonomiese misdaad en dade van oneerlikheid in te sluit. Bedrog kan met ander woorde beskryf word as enige gedrag of optrede met 'n element van oneerlike voorstelling en/of toe-eiening.

Die algemene misdaad van bedrog word vervat in artikel 3 van die Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite, waar bepaal word dat

enige persoon wat enige beloning gee of aanvaar of ooreenkom of aanbied om te aanvaar/ontvang van 'n ander persoon ten einde sodanige ander persoon te beïnvloed op 'n wyse wat neerkom op:

- Die onwettige of ongemagtigde uitvoering van sodanige ander persoon se magte, pligte of funksies;
- 'n Misbruik van gesag, 'n misbruik van vertroue, of die skending van 'n regsplig of stel reëls;
- Die bereiking van 'n ongeregverdigde resultaat; of
- Enige ander ongemagtigde, of onbehoorlik beweegmiddel om iets te doen of nie te doen nie, is skuldig aan die misdaad van korrupsie.

Korrupsie in sy wyer betekenis, en soos in hierdie dokument daarna verwys word, behels enige gedrag of optrede waar 'n persoon enige beloning aanvaar, ooreenkom of aanbied en waar die doel is om oneerlik of onwettig op te tree. Sodanige gedrag behels ook die misbruik van materiaal of inligting, misbruik van 'n gesagsposisie of vertrouensbreuk of pligskending.

2. Vorme van korrupsie

Korrupsie in die staatsdiens en elders in die samelewing neem verskeie vorme in die staatsdiens en elders in die samelewing aan.

Hier volg voorbeelde van die verskillende soorte korrupsie.

Omkopery

Omkopery behels die beloof, aanbied of gee van 'n voordeel wat die optredes of besluite van staatsamptenare onbehoorlik raak.

Verduistering

Dit behels diefstal van hulpbronne deur persone wat sodanige hulpbronne beheer.

Bedrog

Enige gedrag of optrede met 'n element van oneerlike voorstelling en/of toe-eiening.

Afpersing

'n Persoon of entiteit word gedwing om 'n voordeel aan 'n staatsamptenaar, ander persoon of entiteit te verskaf in ruil vir optrede (of versuim om op te tree) op 'n bepaalde wyse.

Misbruik van gesag

Die gebruik deur 'n staatsamptenaar van die gesag aan hom of haar verleen om 'n ander staatsamptenaar, persoon of entiteit onbehoorlik te bevoordeel, of deur gesag verleen te gebruik om op onbehoorlike wyse teen 'n ander staatsamptenaar, persoon of entiteit te diskrimineer.

Botsende belange

Die versuim deur 'n staatsamptenaar om op te tree of bewustelik nie op te tree nie in 'n saak waarby die staatsamptenaar 'n belang het of waarby 'n ander persoon of entiteit wat die een of ander vorm van verhouding met die staatsamptenaar het, 'n belang het.

Misbruik van bevoorregte inligting

Dit behels die gebruik van bevoorregte inligting en kennis deur 'n staatsamptenaar waaroor hy/sy beskik as gevolg van sy/haar amp, om onregverdigde voordeel te gee aan 'n ander persoon of entiteit ten einde bevoordeel te word.

Begunstiging

Die verskaffing van dienste of hulpbronne volgens 'n staatsamptenaar se persoonlike affiliasie (byvoorbeeld kultureel of godsdienstig).

Nepotisme

Nepotisme word beskou as gevalle waar staatsamptenare verseker dat familieleden in staatsdiensposte aangestel word of dat familieleden staatskontrakte ontvang.

Hierdie voorbeelde is geensins volledig nie aangesien korrupsie in vele gedaantes voorkom en dit feitlik onmoontlik is om almal op te noem.

3. Reguleringsraamwerk

- 3.1 Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite, no 12 van 2004**
- 3.2 Wet op Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, no 121 van 1998 (POCA)**
- 3.3 Wet op Finansiële Intelligensiesentrum, no 38 van 2001 (FICA)**
- 3.4 Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, no 33 van 2004 ("POCDATARA")**
- 3.5 Wette om bedrog en korrupsie te bestry**

3.5.1 Wet op Beskermde Openbaarmaking, no 26 of 2000

3.5.2 Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 ("MFMA")

Die MFMA is gepromulgeer om die formele bestuur van munisipale finansies en verwante aktiwiteite te fasiliteer. Die beheer en administratiewe stelsels wat deur enige munisipaliteit geïmplementeer word, hou nou verband met die inhoud van die Wet. Sekere aspekte van die Wet verwys spesifiek na aktiwiteite wat as korrup of oneerlik van aard geag kan word. Van die betrokke aspekte is soos volg:

Ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende besteding

Sonder om die aanspreeklikheid van die gemenereg of ander wetgewing te beperk, het die volgende ampsdraers in 'n munisipaliteit ingevolge artikel 32 van die Wet die mandaat ten opsigte van sekere verantwoordelikhede en wel soos volg:

- (a) 'n Politieke ampsdraer van die munisipaliteit is aanspreeklik vir ongemagtigde besteding indien daardie ampsdraer met opset 'n amptenaar van die munisipaliteit opdrag gegee het om uitgawes aan te gaan, wat waarskynlik as ongemagtigde besteding beskou sal word;
- (b) Die rekenpligtige beampte (d.w.s munisipale bestuurder) is aanspreeklik vir ongemagtigde besteding wat opsetlik of uit nalatigheid deur die rekenpligtige beampte aangegaan is, tensy die uitgawes aangegaan wat tot vrugtelose of verkwistende uitgawes gelei het, na aanleiding van 'n besluit deur die uitvoerende burgemeester of uitvoerende komitee van die munisipaliteit is, en met dien verstande dat die rekenpligtige beampte die raad, uitvoerende burgemeester of uitvoerende komitee skriftelik in kennis gestel het dat die besteding waarskynlik ongemagtig, onreëlmatig of vrugteloos en verkwistend sal wees;
- (c) Enige politieke ampsdraer of amptenaar van 'n munisipaliteit wat hom of haar opsetlik of uit nalatigheid tot 'n onreëlmatige uitgawe verbind het, of dit aangegaan of gemagtig het, is aanspreeklik vir daardie uitgawe;
- (d) Enige politieke ampsdraer of amptenaar van 'n munisipaliteit wat opsetlik of uit nalatigheid 'n vrugtelose en verkwistende uitgawe gemaak of gemagtig het, is aanspreeklik vir daardie uitgawe.

Voorts, in die geval van sodanige ongemagtigde, onreëlmatige of verkwistende uitgawes word daar van die munisipaliteit verwag om die uitgawes te verhaal van die persoon wat vir die uitgawes aanspreeklik is, tensy die raad die uitgawes terugwerkend magtig/kondoneer op grond daarvan dat dit 'n gemagtigde aanpassing verteenwoordig, of indien dit as onverhaalbaar geag word en deur die raad afgeskryf word. Die afskryf van

die uitgawes deur die raad bied egter geen verskoning in kriminele of tugstappe teen die persoon nie, en verteenwoordig nie 'n kondonering van die uitgawe nie.

In die geval van ongemagtigde uitgawes is die rekenpligtige beampte verplig om die burgemeester, die LUR vir plaaslike bestuur in die provinsie en die ouditeur-generaal so gou as moontlik skriftelik van besonderhede te verskaf oor:

- (a) die vrugtelose of verkwistende uitgawes;
- (b) of enige persoon vir die uitgawe verantwoordelik is of daarvoor ondersoek word; en
- (c) die stappe wat gedoen is om sodanige uitgawes te verhaal of reg te stel.

Waar onreëlmatige uitgawes 'n kriminele oortreding of diefstal of bedrog uitmaak, moet die rekenpligtige beampte al sodanige gevalle by die Suid-Afrikaanse Polisie diens aanmeld. Indien die rekenpligtige beampte die persoon is wat vir die ongemagtigde uitgawes verantwoordelik is, moet die raad alle redelike stappe doen om te verseker dat die polisie diensooreenkomstig in kennis gestel word.

Fondse oorgedra na organisasies en liggame buite die regering

Artikel 67 van die Wet verwys na die oordrag van fondse en bepaal onder meer dat geen fondse van die munisipaliteit oorgedra sal word nie tensy die rekenpligtige beampte tevrede is dat die organisasie of liggaam doeltreffende, doelmatige en deursigtige finansiële bestuur en interne beheerstelsels as beskerming teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur in werking gestel het nie.

Beleid op voorsieningskanaalbestuur moet aan voorgeskrewe raamwerk voldoen

Artikel 112 bepaal dat die munisipaliteit se beleid op voorsieningskanaalbestuur regverdig, billik, deursigtig, mededingend en kostedoeltreffend moet wees en aan die voorgeskrewe reguleringsraamwerk vir munisipale voorsieningskanaalbestuur moet voldoen, wat onder meer maatreëls moet behels vir:

- (a) die bestryding van bedrog, korrupsie, begunstiging en onregverdige en onreëlmatige praktyke in munisipale voorsieningskanaalbestuur, en
- (b) die bevordering van etiek onder amptenare en ander rolspelers betrokke by munisipale voorsieningskanaalbestuur.

Finansiële wangedrag deur munisipale amptenare

In artikel 171 word die tugstappe uiteengesit wat gevolg moet word in die geval van finansiële wangedrag deur munisipale amptenare. Die rekenpligtige beampte is skuldig aan finansiële wangedrag indien hy/sy met opset of uit nalatigheid:

- (a) die bepalings van die Wet oortree;
- (b) versuim om te voldoen aan 'n plig wat deur die bepalings van die Wet aan die munisipaliteit se rekenpligtige beampte opgelê is;
- (c) 'n ander amptenaar van die munisipaliteit toelaat of opdrag gee om 'n ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawe te maak;
- (d) foutiewe of misleidende inligting in enige dokument verskaf wat ingevolge die Wet aan die burgemeester, raad, ouditeur-generaal, nasionale tesourie of ander staatsorgaan voorgelê of openbaar gemaak moet word.

Die munisipaliteit se hoof- finansiële beampte is skuldig aan finansiële wangedrag indien hy/sy versuim om gedelegeerde pligte ingevolge die Wet uit te voer. Daarbenewens is finansiële wangedrag ter sprake indien hy/sy 'n ander amptenaar toelaat of opdrag gee om ongemagtigde of vrugtelose en verkwistende uitgawes aan te gaan, of foutiewe of misleidende inligting aan die rekenpligtige beampte verskaf.

Ingevolge hierdie paragraaf bepaal die Wet verder dat 'n munisipaliteit:

- (a) bewerings van finansiële wangedrag teen die rekenpligtige beampte, die hoof- finansiële beampte, senior bestuurder of ander amptenaar van die munisipaliteit ondersoek tensy dié bewerings beuselagtig is; en
- (b) indien die ondersoek dit regverdig, tugstappe teen die rekenpligtige beampte, die hoof- finansiële beampte, senior bestuurder of enige ander amptenaar doen in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Munisipale Stelsels.

3.5.3 Wet op Munisipale Stelsels, no 32 van 2000 ("MSA")


In die MSA word prosedures vir die munisipale bestuur uiteengesit betreffende 'n paar aspekte wat die bestuur van 'n munisipaliteit raak. Die Wet bepaal ook prosedures wat gevolg moet word ten opsigte van sekere aspekte van wangedrag en die ondersoek daarvan.

Verwysing na die volgende:

- **GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE (MSA)**
- **GEDRAGSKODE VIR MUNISIPALE PERSONEELLEDE (MSA)**

PROSES VIR DIE BEPALING VAN BEDROG- EN KORRUPSIERISIKO'S

Die bepaling van bedrog- en korrupsierisiko's sal uitgevoer word deur die volgende raamwerk te gebruik:



Hier volg 'n uitvoeriger opsomming van elk van die stappe van die risikobepalingsproses soos uiteengesit in die bostaande figuur, met inagneming van die besondere toepassing van die proses vir die bepaling van bedrog en korrupsie:

(i) **Vestiging van struktuur**

Die munisipale bestuurder en die interne ouditeur moet toesig hou oor die implementering van strategieë teen bedrog en korrupsie en verseker dat risikobepalings ten opsigte van bedrog en korrupsie gedoen word.

(ii) Identifiseer risikoblootstellings

Die doelwit van hierdie fase is om 'n register te genereer (die bedrog- en korrupsierisikoregister) van alle moontlike inherente risiko's vir daaropvolgende ontleding. Alle inherente risiko's wat geïdentifiseer is, moet op hierdie punt gedokumenteer word, ongeag of 'n voorlopige bepaling aandui dat interne kontroles wat tans van krag is, ten volle doeltreffend sal wees vir die vermindering van die risiko. Hoe elke risiko homself manifesteer, moet gedokumenteer word asook hoekom dit voorkom.

(iii) Ontleding van risikoblootstellings

Alle interne kontroles wat tans van krag is en wat die vermindering van bedrog- en korrupsierisiko's tot gevolg behoort te hê, sal aangeteken word. Die doeltreffendheid van alle interne kontroles ter vermindering van die risiko's sal dan bepaal word. Die evaluering moet ten opsigte van elke kontrole bepaal of dit waarskynlik of inderdaad:

- onbevredigend; of
- swak; of
- bevredigend; of
- goed; of
- baie goed is

in die vermindering van die risiko waarmee dit verband hou.

Die evaluering van elke interne kontrole wat oorweeg is, moet nie 'n evaluering van die kontrole verteenwoordig wat betref sy vermoë om sakerisiko's oor die algemeen te verminder nie. Dit is eerder 'n evaluering van daardie kontrole se waargeneemde impak op die spesifieke bedrog- of korrupsierisiko onder oorweging.

(iv) Evaluering die risikoblootstellings

Elke risikoblootstelling sal geëvalueer word (hoog, medium, laag), wat die munisipaliteit in staat sal stel om te prioritiseer watter risikoblootstelling onmiddellike optrede verg.

(v) Implementering van voorkomingsplanne

Alle bedrog- en korrupsierisiko's wat as "hoog" en "uiters hoog" beskou word, benodig die ontwikkeling en implementering van voorgestelde aksies wat gemik is op die bereiking van een of meer van die volgende:

- Verandering van bestaande interne beheerprosedures;
- Instelling van nuwe interne beheerprosedures; en
- Instelling van prosedures gemik op die opsporing of bespeuring en voorkoming van bedrog.

Die voorgestelde optrede kan ook ontwikkel word ten opsigte van risiko's wat beskou word as 'n laer vlak van die oorblywende risiko's. Alle optredes wat deur die risikobepalingspan voorgestel word, sal voor implementering en soos toepaslik deur die senior bestuur geëvalueer word. Die implementering sal ook van tyd tot tyd deur die interne ouditeur en munisipale bestuurder gemonitor word.